

## GRAAD 12 GEDIG 6

### Boekmerk – Marlise Joubert

#### A INLEIDING

Hierdie gedig hanteer oor 'n onderwyser se perspektief op die kinders in haar klas. Die kinders het wange soos mossies.

Om 'n onderwyser te wees, kan dikwels 'n negatiewe ervaring wees, omdat kinders so negatief is oor skool toe gaan. Dit hang egter van 'n mens se houding (*attitude*) af hoe lekker of sleg dit gaan wees.

“gesang” (versreël 5) is 'n dank- of pryslied. Hierdie onderwyser sien elke kind as 'n pryslied en onthou haar eie skooldae en plaas haar in die kinders se skoene.

#### B GESELS

1. Watter onderwyser was julle gunsteling (*favourite*) in die laer grade? Hoekom?
2. Hoe kan 'n onderwyser dit vir leerders lekker maak om skool te gaan? Gee idees.
3. Waarom wil 'n onderwyser hê leerders moet mooi herinneringe in hulle skooldae versamel?

#### C ONTLEDING

1. **Alleterasië:** “dooie digters” (versreël 18)
2. **Assonansië:** “waar sy ook kon mor” (versreël 12)
3. **Enjambement:** die enjambement word doeltreffend (effektief) gebruik om die beweging van die kinders voor te stel.
4. **Herhaling:** dit bind die gedig tot 'n eenheid saam en word ook vir beklemtoning gebruik. “met wange soos mossies” (versreël 2) word “met wange soos soldaatjies” in (versreël 26. Woorde soos “waarom” word ook dikwels in strofe 3 herhaal. Dit herinner (*remind*) 'n mens aan die baie vroeë wat kinders van 'n sekere ouderdom vra.
5. **Intertekstualiteit:** die Christelike Bybel (Matteus 10:29): Mossies is beskou as onbelangrike voëls. Tog is hulle vir hul God belangrik. Net so is die kinders ook belangrik.
6. **Metafoer:** die digter sê dat die kinders se hande “woerende vlerke” is.
7. **Oksimoroon:** “bittersoet” (twee teenoorgestelde begrippe)
8. **Personifikasie:** “elke lyfie 'n seilende gesang” (versreël 5)
9. **Progressie:** ontwikkeling (*development*) in die tydverloop of verloop van gebeure.
10. **Vergelyking:** “wange soos mossies”
11. **Tema:** Die invloed van 'n onderwyser op leerders in sy of haar klas.
12. **Tipografie:** Versreëls 6 tot 7, 14 tot 21 en 25 tot 30) (en **alleenplasing** van “kinders” in versreël 1 hef die boodskap van die gedig uit.
13. **Stemming:** positief en liefdevol.
14. **Uiterlike bou:** Ses strofes van verskillende lengtes. Daar is geen spesifieke **rymskema** nie, en dit kan dus as 'n **vrye vers** beskou word.
15. **Innerlike bou:** Daar is **progressie** in die gebeure. Aanvanklik lyk dit of die onderwyseres bloot 'n toeskouer (*spectator*) is by wat in die kinders se lewe aangaan. Daarna begin sy dink aan haar

die lewe as leerder en gebruik dié herinneringe (*memories*) om haar klas te verbeter. Haar taak is nie net om kinders feite (*facts*) te leer nie, maar om hulle voor te berei vir die lewe.

16. **Titel:** Dit vertel waaroor die gedig gaan: die boekmerk is ’n plekwysers in ’n boek. Hier is dit ook ’n plekwysers in die kinders se lewe. Die onderwyseres wil ’n **simboliese boekmerk** vir die kinders gee, vir wanneer hulle terugdink aan hul skooljare. Sy wil elke dag spesiaal maak, sodat die leerders dit sal onthou. Sy moet van elke dag ’n boekmerk maak waarna die leerders eendag kan terugblaai en aan hul skooldae kan terugdink as dae van vrede en geluk. Hulle moet onthou hoe lekker dit was – dit is iets positiefs wat hulle kan saamneem regdeur hulle lewe.
17. **STROFE 1:** Die kinders word deur ’n toeskouer beskryf. Hulle wange (*cheeks*) lyk soos mossies, (**vergelyking**), hulle hande is woerende vlerke (**metafoor**) en elke lyfie is ’n “seilende gesang” (**personifikasie** en **metafoor**). Die gesang (*hymn*) is gewoonlik ’n geestelike (*spiritual*) lied. Dit kan ook verwys na voëlgesang en nie geestelik/godsdienstig (*religious*) bedoel wees nie. Die kind se lyf is dus kosbaar (*valuable*).  
**Herhaling** van **w**-klank gee ritme en atmosfeer.  
“teen elke oggend stoei” (versreël 3): Dit lyk of die kinders nie lus is vir die dag nie. Letterlik beteken dit dat daar kinders is wat rondmaal.
18. **STROFE 2:** Die klank word oor die toeskouer uitgestort (*poured*). Sy word nou deel van die kinders se lewe en is nie meer ’n toeskouer nie. Sy onthou hoe sy gevoel het as ’n skoolkind, sy het ook gekla (*complaint*) oor die skoollewe.  
**Assonansie:** o-klank (versreël 12)  
**Oksimoroon:** “bittersoet” (versreël 10)  
Die **dubbelpunt** wys vir ons dat daar ’n verduideliking (*explanation*) of uitbreiding (*elaboration*) van die gedagte gaan kom.
19. **STROFE 3:** Die klagtes van alle skoolkinders oor die wêreld heen word beskryf.  
**Herhaling:** “waarom” (versreëls 14, 15, 16 en 21) beklemtoon die vrae wat die kinders vra.  
**Alliterasie:** “die **d**ooie **d**igters” (versreël 18)
20. **STROFE 4:** Die onderwyser se houding (*attitude*) het verander, want sy maak die dag weer oor”. Dit beteken sy dink anders. Sy noem die kinders nou mossiekinders. Hulle is kosbaar, al is hulle klein. Die **dubbelpunt** wys dat daar ’n verduideliking of uitbreiding van die gedagte gaan kom.
21. **STROFE 5:** Die “ons” wys dat die onderwyseres haar as een van die kinders sien. Hulle wange is nou nie meer soos mossies nie, maar soos “soldaatjies”. Hulle word paraat (*prepared*) gemaak vir die lewe, sodat hulle die gevegte (*battles*) van die lewe suksesvol kan veg.
22. **STROFE 6:** Die spreker verwys na die uiteinde van haar veranderde houding. Die kinders sal weerbaar (*prepared*) teen die eise (*demands*) van die lewe raak. Die “ellelange reis” (versreël 30) verwys na die lewensreis. Dit is ook **alleenplasing** (staan alleen in die reël) om dit te beklemtoon.

“onheil” (versreël 29) sê vir ons dat die reis (die lewe) nie altyd lekker sal wees nie. Die kinders sal hierdie tye kan onthou as lekker tye, waaraan hulle kan terugdink wanneer dit sleg gaan.

## **D WOORDVERKLARINGS**

1. **boekmerk** (*bookmark*):
2. **ellelange**: baie lank
3. **geur** (*fragrance*)
4. **jasmyn** (*jasmine*): 'n soort blom wat soet ruik.
5. **mor** (*grumble about*): kla
6. **namens** (*on behalf of*)
7. **onheil** (*misfortune*): 'n slegte of treurige (*sad*) gebeurtenis.
8. **pars** (*press*): om gewig op blomblare te plaas sodat die vog daaruit verdwyn
9. **reuk** (*smell*)
10. **stoei** (*wrestle*): baklei
11. **toentertyd** (*long ago*): lankal
12. **woerende vlerke** (*moving wings*): hande beweeg altyd